

3 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 2:37-47
Fokusgedeelte: Handeling 2:45-47
HK, Vraag 123

Laat kom u koninkryk!

Wanneer ons bid dat God sy koninkryk laat kom, bid ons dat mense God al meer as koning sal erken. Ons vra die Here om ons te verander sodat ons Hom as koning meer en meer sal gehoorsaam in ons lewens. Die gelowiges van die eerste gemeente ná die uitstorting van die Heilige Gees was 'n pragtige voorbeeld van mense wat hulle aan God onderwerp het. Hulle was lief vir die Here Jesus, hulle het graag en voortdurend geluister na die verkondiging van die evangelie, hulle het in liefde vir mekaar omgee en getrou met God in hulle gebede gepraat. God se koninkryk het daar gekom. God se koninkryk kom ook wanneer mense uit ongeloof tot bekering kom en hulle in die Here Jesus begin glo. Ook dit het by die eerste gemeente gebeur. Ons lees dat die Here elke dag mense wat gered is by die gemeente gevoeg het (vers 47). Dan word die getal van die mense wat God as koning erken en dien al groter. Miskien wil die Here jou vandag gebruik om van Hom te getuig. Dalk is jy vandag die instrument dat iemand God leer ken en dat sy koninkryk kom.

Teen God se koninkryk staan egter 'n vyand op. Die duiwel en sy bose magte probeer hulle bes om die koms en uitbreiding van God se koninkryk teen te werk. Om dié rede vra ons die Here in hierdie gebed ook dat Hy self die planne van die vyand teen Hom as koning en sy teen sy koningswoord sal vernietig.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)

~~~~~